# WG10

**ANTWOORDE VAN VORIGE WERK**

*Skryf in volledige sinne, wat die verskil is tussen 'n (a) "begroting" en 'n (b) "staat van inkomste en uitgawes"*

**ANTWOORD:**

<u>Begroting</u>: 'n **beplanning** van die inkomstes en uitgawes wat ek **verwag** vir 'n spesifieke tydperk bv. die volgende maand. ("voorspelling")

<u>Staat van inkomste en uitgawes</u>: 'n **Opsomming** en beskrywing van die **werklike** inkomstes en uitgawes oor 'n gegewe tydperk bv. die maand wat verby is. ("Terugblik")

## Oefening 1 Antwoorde

Bladsy 169 | 25 min.

1 Let wel: *Leerders mag besluit om items anders te kategoriseer as in die antwoorde in die onderstaande tabel. Hieronder word selfoon-lugtyd bv. as 'n "lae prioriteit"-item geklassifiseer. Baie leerders mag hiervan verskil. Dit is korrek as hulle dit wil doen solank hulle net 'n goeie rede vir hul besluit kan verskaf.*

| Beskrywing | Inkomste/Uitgawe | VA, VE of T | H of L |
|---|---|---|---|
| Onderwyser se salaris | I | VA | – – – |
| Selfoon-lugtyd | U | VE | L |
| Sakgeld | I | VA | – – – |
| Skoolgeld | U | VA | H |
| Geld wat verdien word deur 'n sypaadjiesmous wat groente verkoop | I | VE | – – – |
| Geskenk (geld) van 'n familielid | I | T | – – – |
| Vervang van motorbande van 'n kar | U | T | Kan albei wees |
| Koop 'n paar skoene | U | T | Kan albei wees |
| Kruideniersware | U | VE | H |
| Oortydbetaling wat deur 'n polisievrou verdien word | I | VE | – – – |
| Kommissie wat verdien word deur 'n verkoopspersoon wat 10% kry van die prys van elke foon wat verkoop word | I | VE | – – – |
| Vervoer (taxi- of busgeld) | U | VF of VE | Kan albei wees |
| Maandelikse paaiement vir 'n begrafnispolis | U | VF | Kan albei wees |

**2**

**2.1** Totale inkomste = R100,00 Totale uitgawes = R95,00

Geld oorgehou = R100,00 – R95, = R5,00

**2.2** Om hierdie situasie te verbeter, kan sy minder geld aan versnaperinge en selfoontyd uitgee. Hierdie uitgawes is waarskynlik die mins belangrike op haar lys.